

Die Alzheimer-saak

Jef Geeraerts

An extract pp 321-337

Original title De zaak Alzheimer
Publisher Manteau, 1985

Translation Dutch into Afrikaans
Translator Fanie Olivier

© Jef Geeraerts/Fanie Olivier/Manteau/Flanders Literature – this text cannot be copied nor made public by means of (digital) print, copy, internet or in any other way without prior consent from the rights holders.

p 321-332

Hoofdstuk 12

Rondom die aperitief (’n droë rosé uit Provence, saam met Campari, Pernod en klein skyfies perske) raak Verstuyft en Meerbergen druk aan die gesels. Paul was in sy veertigs, groot, stewig gebou en rustig, met ’n vol rooi baard en oë soos dié van ’n getroue hond. Altyd besig om pyp te rook. Nelly Meerbergen was klein en woelig, haar gesiggie die ene uitdrukking, amper Frans, met kortgeknipte swart hare. Marcus eien hom sonder meer die rol van hanswors toe, soos hy maar altyd doen as vriende kom kuier. Van Archibald is daar geen teken nie.

Verstuyft en Paul Meerbergen hou sommer dadelik van mekaar. Eers gesels hulle oor die kankergevaar van te veel braaivleis (die rooster staan reeds reg), dan oor die vaal verkiesingsveldtog, gekenmerk deur vae beloftes as gevolg waarvan die kiesers vroeg hulle belangstelling verloor het, oor die amateuragtige toekomsbeeld waarmee die eietydse linkse drukgroepe, soos die destydse terreurgroep CCC, die publiek ’n rat voor die oë probeer draai, oor die verskil in temperament tussen honde- en katliefheders, oor die semiologiese betekenis van die mode. Totdat Eva Verstuyft aan hom beduie dat hy met die braaiery moet begin. Hy kry ’n voorskoot en ’n koksmus, ’n kleinerige sjefsmes en ’n groot vurk op ’n reusagtige vleisplank vol met skaaptjops, varkfilette, worsies, kalfsringe en ’n massiewe T-been. Hy het ’n reputasie dat hy met waansinnige sorg braai.

Terwyl Verstuyft wag dat die houtskool die gewenste hitte bereik en intussen die vleis met presies die regte kruie dokter, gee Vincke aan die aandagtig luisterende Paul Meerbergen ’n samevatting van die Ledda-geval.

Nadat hy alles vertel het, sê Vincke: “Wat vir ons ongeloofwaardig voorkom, is die algehele afwesigheid van ’n aanvaarbare motief. Heeltemal in kontras met die normale toon waarop hy sy storie vertel. Soms sit ons so ’n bietjie hulpeloos daarna en luister. Ons het nog nooit so iets meegemaak nie ... ’n totale kloof tussen vorm en inhoud.”

“Dit is meestal die geval by hierdie nuwe soort mens, Eric. In die VSA is my kollegas al min of meer daarteen bestand. Jy sê dus dat hy Alzheimer se siekte het, Alzheimers. Is dit seker?”

* Die spesifiek Belgiese verwysings na gebeure, groepe en persone in die roman word nie oorgeplaas na ’n Suid-Afrikaanse omgewing nie. Aan die einde van die roman verskyn verduidelikende aantekeninge om die konteks van dié verwysings, telkens met ’n asterisk aangedui, duidelik te maak

“Ja, dokter Lepcowicz het dit aan my bevestig en Ledda sê self dat hulle breinvloeistof getrek het.”

“Mmm, inderdaad die enigste manier om die diagnose vas te stel. Laat ons dan maar aanneem dat hy Alzheimers het...”

“Kan ’n mens sy onbegryplike gedrag daarmee verklaar?”

Paul Meerbergen skud twyfelend sy kop.

“Ek gaan nie dieselfde doen as ’n kollega van my ’n paar jaar gelede nie. Onthou julle die geval van Tijn van Limburg, die ou wat destyds daardie skildery van Vermeer stukkend gesny het nie? My kollega het aan joernaliste verklaar dat die man niks anders as mal kon wees nie, maar sonder dat hy hom ooit gesien het...”

“Nee, maar die opvallende verskille tussen sy professionalisme in Amerika en die reeks flaters wat hy in België gemaak het nadat die twee opdragte afgehandel was...”

“Ons kan na ete verder daaroor praat, want Freddy is klaar met die eerste rondte van die kankerverwekkende ete vir die roofdiere.”

Vincke wys soos ’n regte kwajong sy hoektande en grom. Hulle loop half-gebuk, kyk heen en weer soos katte na die tafel, en bly dan so vyf meter van die tafel staan om ’n komiese ritueel uit te speel: Elkeen gee met ’n buiging van die kop aan die ander voorrang, om dan met ’n hoë stemmetjie soos dié van Stan Laurel dit van die hand te wys, net om ’n sprong vorentoe te maak, mekaar aan die belt te gryp en af te sluit met ’n lomp dans soos ’n klompie bere.

“Is jy ook so laf?” vra Nelly aan Verstuyft, wat besig is om die verskillende soorte vleis in vyf groot borde te verdeel. Hy grinnik, maar antwoord nie.

“Freddy is ’n baie deeglike kêreltjie,” sê Eva tergend, “daarom sal hy dit nog ver bring by die polisie. Wanneer begin jy nou soek vir ’n vrou?”

“Freddy is verlief op ’n skatryk weduwee,” sê Vincke. “Die wit van haar oë is soos porselein, maar daar is één hengse probleem: Sy is so kuis soos ’n duif.”

“Ek dog dat duiwe die jagsste diere is wat daar bestaan.”

“Sy is miskien ’n uitsondering,” merk Meerbergen droog op.

“Sy is ook heelwat ouer as hy,” sê Vincke.

“Oedipus-pus-pus!” sing Meerbergen.

Daar word lekker hardop gelag. Hulle gaan sit. Af en toe loop Verstuyft heen en weer na sy rooster. Die vleis was inderdaad verruklik. Die Saint-Emilion pas perfek daarby. Daar word grappe vertel en ironiese toespelings gemaak: ’n gesellige sfeer soos min. Verstuyft se stemming word al hoe beter en alle gedagtes aan Angelo Ledda het uit sy kop verdwyn. Hy geniet elke oomblik en eet smaaklik. Marcus bly om hom draai as gevolg van die stuk been wat op hom wag. Om halftien loop hulle deur na die ontvangskamer vir die gul likeurs, cognac en goeie koffie.

Hulle sak skuins terug in die leunstoel. Die oop kaggel knetter. In die groot silwer kandelare brand tientalle kerse. Paul Meerbergen steek sy pyp op en gee ’n praar trekkies.

“Alzheimer se siekte,” begin hy, “word ook pre-seniele demensie genoem en begin meestal met afasie, storings in die taalgebruik, lees, skryf, die wyse waarop persone hulle uitdruk en die begrip van gesproke en geskrewe taal. Soms is daar epileptiese aanvalle of rukkewegings. Die eerste simptome word gou ernstig, terwyl daar in die harsings patologiese veranderinge intree wat normaalweg by veel ouer mense voorkom en die harsings atrofieer. Die gevolg is demensie of verstandsverbystering, ’n aftakeling van die persoonlikheid met die klem op die agteruitgang van die intelligensie en jou verstandelike vermoëns, veral deur die inprenting, die geheue, rekenvaardigheid, aanleer van dinge, hoe om te abstraher en te kombineer. Die agteruitgang gaan gepaard met oriëntasie-versteuring, die begrip van tyd, van jou omgewing en alledaagse dinge, die reëling van en beheer oor jou liggaamsfunksies...”

Meerbergen steek weer sy pyp op.

“Dit is dus oor die algemeen gedragsversteurings,” bevestig Vincke.

“Ja, maar daar tree ook ’n groeiende gemis van gevoel vir situasies na vore, ’n gebrek aan oordeel en kritiek, veral selfkritiek. ’n Soort ongeregverdigde euforie en ’n vermindering van ’n sin vir waardes en norme.”

Vincke en Verstuyft begin lag.

“Ek weet wat julle dink,” sê Paul Meerbergen, wat ’n slukkie koffie drink.

“Wel, wel,” sê Vincke geamuseerd.

“Of dit nou aan Alzheimers te wyte is of nie, jy kan maar gerus aanneem dat ’n huurmoordenaar ’n individu is met ernstige karakter- en gedragssteurings. En dan is dit natuurlik sag gestel. Om so ’n persoon te probeer begryp of ’n motief vir sy optrede te soek, is ’n onbegonne taak. Alles is te vinde in die neutvormige klompie proteïene en water met ’n gewig van een en ’n half kilo, wat die gelowiges die siel noem. Dit sommer as bygedagte. Amerikaanse psigiaters en polisiemense, wat meer dikwels as ons met huurmoordenaars gekonfronteer word, aanvaar in beginsel alles wat hy of sy sê – hoe onwaarskynlik dit ook al mag klink – en kontroleer dit later. Dikwels stel hulle vas dat die waansinnigste dinge waar blyk te wees. Moet jou dus nie nou te veel daarvoor bekommer nie. Vergeet veral nie dat jy nie met ’n gewone moordenaar te make het nie, maar met ’n **professional**, iemand wat sy werk doen en daarvoor betaal word. Van hom kan jy dus maar rustig beweer dat hy nie geestesongesteld is op die oomblik wat hy ’n mens doodmaak nie.

“In teenstelling met die deursnee-moordenaars.”

“Wat amateurs is en wat 99,999 persent van die moordenaarsgroep uitmaak. Dit is trouens die rede waarom ek die regspsigiatrie gegroet het...” Meerbergen wag ’n oomblik, byt op sy pypsteel.

“Vertel verder,” sê Verstuyft, wat geïnteresseerd sit en luister het.

“Omdat my vroeëre werkgever, die Belgiese regsministerie, sonder meer daarvan uitgaan dat die psigiater, wat aangestel word, ook sal bevind wat van hom verwag word, naamlik dat die moordenaar op die oomblik van die moord **nie versteurd** was nie. Dus: presies die teenoorgestelde van die werklikheid. Op die lange duur het ek die indruk gekry dat ek my vir ’n salaris laat misbruik. Buitendien is daardie soort benadering nie wetenskaplik nie en dus nie eerlik nie.”

“Volgens jou vermoor amateurs dus altyd in ’n vlag van kranksinnigheid?” pols Verstuyft.

“Ja, ’n mens sou dit so kon formuleer. In teenstelling tot die beroepsmoordenaars en die psigote. Maar dit is nie net my opinie nie. Daar is ’n hele boel kollegas wat met my saamstem.”

“Sou jy die lede van die Diana-eenheid* byvoorbeeld beroepsmoordenaars kon noem op daardie oomblik wanneer hulle skerpskutters iemand doodskiet?” vra Vincke.

“Ja, maar daar is ’n verskil. Hulle gewete – as daar daarvan sprake sou wees – word gesus deur die bevel wat hulle gekry het. An order is an order...”

“Tot die dood toe, korporaal.”

Dis skielik stil. Nog ’n slukkie van die voortreflike cognac.

“Jou Ledda,” sê Paul Meerbergen aan Verstuyft, “is, volgens wat Eric my voor ete vertel het, ’n tipiese produk van ’n vyandige gemeenskap, ek bedoel die Amerikaanse, wat stilweg besig is om na ’n uiters gevaarlike punt te evolueer. Ek het ’n ruk gelede ’n kongres bygewoon en met Amerikaanse kollegas gesels. Statistiek in die VSA oor die laaste paar dekades wys nie soseer op die styging van die aantal moordenaars nie, maar wel van die aantal slagoffers, die gevolg van die sogenaamde **multicides**.”

“Reeksmoorde,” onderbreek Verstuyft.

“Reeksmoorde is nog iets anders. Ek verwys egter na die gerieflike eliminasië van getuies van ’n misdaad. Of sommer net doodmaak sonder ’n aantoonbare of geloofbare rede. Dit is skrikwekkend hoe hierdie neiging bly groei. Sommige mense praat selfs van ‘binnelandse terreur’. Wat ontstellend is, is dat ons maar net weet van die puntjie van die ysberg, want die ergste speel af in die ghettos van die groot stede, waar niemand sommer waag om in te gaan nie. Daar praat mense van **ghettocide**. Weet jy, Freddy, dat die grootste oorsaak van die dood van ’n twintigjarige swart ghettobewoner in Amerika moord is? En nie wat ’n mens ’n verklaarbare, verstaanbare moord sou noem nie. Nee, dis **stranger-to-stranger killing**. En gewoonlik om ’n belaglike rede. ’n Gesprek, ’n skewe woord en **bang!** Veroorsaak deur wat die slim mense Gevriesde

Aggressiwiteit noem, veroorsaak deur die onvoorstelbare armoede in die ongenaakbaarste samelewing wat daar, na my wete, bestaan.”

“Die Bakermat van die Moderne Geweld,” sê Vincke hardop.

“Dis presies soos jy sê,” volg Paul op, “maar dit het ’n oorsaak, geleë in die ou Amerikaanse tradisie wat deur almal aanvaar is tydens die pioniersjare: om dinge op te los met vuurwapens. En baie Amerikaners dink nog steeds min of meer so. Hierdie mentaliteit word, meer as wat ’n mens besef, al jare deur die film-industrie opgekikker tot ’n infantiele massa-mitologie. En daarna deur elke derderangse rekenaarspeletjie voortgesit. Die sogenaamde *revenge*-flik het nog altyd groot sukses gehad, met ’n ongekende opbloeï in die Reagan-jare met die ontstaan van die Rambo-heldefiguur, verpersoonlik deur die liggaamsbouer Sylvester Stallone.”

“No man, no law, no war can stop him, onthou ek,” sê Vincke, “op die posters van Ciné Eldorado in Brusserl.”

“Self nog daarna gaan kyk,” mompel Verstuyft.

“Was ’n splinternuwe problematiek, wat opgeduik het in Amerika,” sê Paul, “die infiltrer in die destydse Vietnam om te gaan kyk of daar nog Amerikaanse krygsgevangenes was, ’n edele motief om ’n paar honderd geel kommuniste om die lewe te bring met die uiteenlopendste wapens, van die kaal vuus, staaldrade tot by bazoekas.”

“Om subtiel te suggereer dat Reagan dit vroeër heeltemal anders sou gedoen het,” sê Vincke.

“Maar die fliks se kasregisters het gekraak en daar word massas Rambo-messe, kruisboë, kapmesse, pette, pistole, helms en belde verkoop. En daarna nog al die terminators, met Schwarzenegger wat uiteindelik in die werklike lewe as goewerneur gaan regeer!”

“Is dit waar dat daar nou reeds amper vierhonderd miljoen vuurwapens in die besit van Amerikaners is?” vra Verstuyft.

“As ’n mens die register kan glo. Maar daar word wel ontsettend baie geskied in die VSA. Toe ek twintig, dertig jaar gelede per motor deur die wilde weste gereis het, het ek maar selde ’n verkeersbord gesien wat nie sif geskiet was met koeëlgate nie. Dit verklaar ook miskien ’n ander gegewe, naamlik dat tagtig persent van Amerikaanse moorde met vuurwapens gepleeg word.”

“Dus sou jy Ledda byna kon beskou as ’n min of meer normale verskynsel in ’n maatskappy wat geleidelik onverskillig geword het rondom geweld?”

“’n Samelewing waar wonings in die meeste stede soos forte lyk. Waar oumense dit nie sommer op straat waag nie en jy versigtig rondkyk as jy jou vullissakke soggens vroeg gaan uitsit. Waar die slagoffers skuldiger is as die aanvallers: hoe kon jy so dom wees? Waar sake rondom diefstal en inbrake waar daar geen slagoffers met beserings was nie, nie eers opgevolg word nie.”

Dis Eva wat opmerk: “Dan is die lewenskwaliteit in Europa darem nog ’n bietjie beter, nê Archibald.” Die kat het uiteindelik uit die niet opgeduik en op Eva se skoot gespring. Marcus kom dadelik nader, probeer hom wegstoot met sy snoet. Hy kry ’n waarskuwingsklap, sonder naels daarmee saam, en gee verontwaardig en te nagekom pad.

“Dus,” sê Vincke en neem ’n slukkie koffie, “sou jy Ledda nie kranksinnig noem nie, maar die simptoom van ’n gewelddadige samelewing...”

“**Kranksinnig** is ’n begrip wat psigiaters slegs tydens hofsake gebruik om die publiek tevrede te hou. ’n Betroubare diagnose van kranksinnigheid bestaan nie. En ek begin al hoe meer besef hoe min ek eintlik weet van die menslike psige.”

“Wat my interesseer,” sê Verstuyft, “is die volgende: sou sy gedrag toegeskryf kan word aan sy breinkwaal?”

“Freddy, laat ek jou ’n vraag vra: is sy gedrag in jou oë vreemder as gedragspatroon dan byvoorbeeld om stront te eet?”

“Ek verstaan nie mooi nie.”

“Dis iets wat Ledda sekerlik binne afsienbare tyd sal doen.”

Verstuyft kyk peinsend voor hom uit, drink proe-proe verder aan sy cognac.

“Is Nootropil goeie medikasie?” Dis Vincke.

“As die siekte sy gang gaan, help niks meer nie.”

“Dit lyk asof hy tog goed daarop reageer.”

“Dit werk soms soos ’n placebo,” antwoord Paul Meerbergen, effens afwesig. Hy kyk Vincke vierkant in die oë. “Weet jy, Eric,” gaan hy verder, dat daar op hierdie oomblik al vier geslagte werkloses bestaan. Grootouers, seuns, kleinseuns en agterkleinseuns. Mense wat dus nog nooit in hulle lewe gewerk het nie. Wat van voedselkoeponne moes lewe. En daarsonder sou doodgaan. In die magtigste land in die wêreld, waar besit, verbruik en sukses as nasionale deugde beskou word. Nou-ja, ek begryp die ongelooflike aggressie wat in die groot Amerikaanse stede bly voortleef. As dit maar net nie in dieselfde mate hier na ons oorwaai nie...”

“Sal ons ’n bietjie musiek gaan luister,” stel Nelly Meerbergen voor.

“Wat wil ons vriende hoor?” vra Vincke verlig. Hy staan op en sprei sy arms.

“As niemand beswaar het nie, dan ’n strykkwartet van Ludwig Von,” sê Paul Meerbergen. Verstuyft kyk vol afwagting. Hy hou wel van klassieke musiek, maar kom uit ’n omgewing waar daar nooit eintlik oor sulke dinge gepraat is nie. Om opgeneem te word in ’n kring van kenners soos Vincke en veral Paul Meerbergen, vind hy heerlik.

“Hoe voel jy oor die eerste Rasumovsky?” vra Meerbergen.

Vincke haal die plaat versigtig uit sy omslag en plaas dit op die draaitafel. Die klankstelsel is uitstekend en die eerste speelse mate, beheersd maar sterk ingevoer deur die tjello, vul die ruimte van die groot ontvangskamer. Vincke gaan sit en vou sy hande.

Meerbergen sit sy pyp neer en maak sy oë toe. Eva en Nelly lê teen die leunings van die lae rusbank, strek hulle bene uit.

Verstuyft laat hom sonder enige weerstand wegvoer deur die spontane soepelheid en die natuurlike gang van dié musiek van Beethoven.

Na die abrupte, laaste akkoord van die Thème Russe, gesamentlik deur die vier instrumente, soos ’n kreet deur die kamer klink, verbreek niemand die stilte wat daarop volg nie.

“Hum,” laat Eva na ’n minuut hoor.

“Wat val jou veral op by Beethoven?” vra Meerbergen aan Verstuyft.

Hy skrik, sê dan versigtig: “Sy weemoed.”

Meerbergen knik en steek sy pyp op.

“Beethoven is iemand, net soos Mozart, wat in staat is om weemoed op te roep deur middel van vrolike klanke en ’n vinnige ritme,” sê hy, “en dít is uniek.”

“Is dit waar dat Beethoven ’n slegte karakter gehad het?” vra Verstuyft.

“Hy het ’n moeilike karakter gehad,” sê Meerbergen, “soos trouens elke ware kunstenaar.”

“Dan is ek gelukkig geen kunstenaar nie.”

Die vrouens protesteer met ’n harde gejou.

“Kunstenaars lyk nogal in sekere opsigte ’n bietjie na misdadigers,” sê Meerbergen dromerig, “hulle is neurotiese alleenlopers en hulle probeer om mag op ander uit te oefen. En of dit nou gebeur deur middel van skilderye, beeldhouwerk, films, musiek, boeke of fisiese geweld, dit maak nie saak nie, wys dit op ’n duidelike besef van hulle eie meerderwaardigheid en ’n soort afkeur vir die medemens. Dit, saam met hulle egosentrisme, hulle onbestendigheid en hulle onbetroubaarheid...”

“Nou gaan jy darem heeltemal te ver, hé Paul,” onderbreek Eva hom.

“Juis dit is nodig, skat. Anders kom jy selde by die kern uit.”

“Ek stel die *Quartetto serioso* voor,” sê Vincke.

“Waarom?” vra Meerbergen.

“Omdat dit so waansinnig is.”

“Wie is die groep?” vra Verstuyft na ’n ruk. “Hulle speel verdomp goed.”

“Die Cleveland-kwartet.”

“Amerikaners?”

“Jip.”

“Daardie groep wat jy destyds ’n slag hier by jou aan huis as gaste gehad het na ’n kamerkonsert in die kerk by Schilde?”

“Net so.”

“Jammer dat ek nie toe by was nie.”

“Eric, onthou jy nog wat Paul Katz, die tjellis, gesê het?” vra Paul Meerbergen.

“Ja,” antwoord Vincke, “Beethoven is groter as Bach, omdat hy God nie nodig gehad het nie.”

Paul Meerbergen knik met vreemde blink oë en steek sy pyp op.

“As daar iemand is wat alles aan Bach te danke het, dan is dit sekerlik God,” sê hy peinsend.

Vincke loop na die draaitafel.

p 333-337

Hoofdstuk 13

Eupen is ’n streekstad wat nie juis Belgies lyk nie, hoewel dit geografies deel van die Ardenne is. Dit is die hoofsentrum van die kanton met dieselfde naam in die ooste, ’n stukkie Duitse grondgebied wat in 1919, danksy die Verdrag van Versailles, in België se skoot geval het, saam met Malmédy en die destydse Ruanda-Urundi, nadat dit in ’n totale sinlose oorlog ongeveer 50 000 soldate verloor het. ’n Klompie dinge val die besoeker op wat vir die eerste keer in Eupen kom. Dit lyk asof al die huise deur dieselfde droefgeestige argitek gebou is : stewige klip, grys pleister, negentiende-eeuse boustyl, goed in stand gehou, pynlik netjies. Die mense sien gedissiplineerd daar uit, keurig, tevrede en aktief [die vrouens is oorwegend prakties aangetrek, dit wil sê saai en vaal]. Op elke pleintjie en op ’n paar ander plekke staan daar ’n monument in die vorm van ’n klip beeld van Christus aan die kruis. Die tempo is rustig, die winkels goed voorsien, die bakkers het smaaklike brood en gebak, die slagters tipiese Wurst, die straatkafes die hooggeprese Eupense blonde bier; die amptelike voertaal is Frans [met ’n gutturale aksent], maar almal praat Duits asof die Verdrag van Versailles nooit bestaan het nie. Eupen lê op ’n knooppunt van die paaie Luik-Malmédy, Baraque Michel, Aachen en Mützenich. Aan die ooste- en die suidekant van die stadjie, tot by die Duitse grens en nog verder, strek die beskermende natuurgebied van Hertogenwald en die Hohes Venn. Net hiervoor al sou België die geallieerde moondhede wat die Eerste Wêreldoorlog gewen het, dankbaar moet wees: in menselewens is die waarde daarvan moeilik om te bepaal, maar ’n mens kan met gerus verklaar dat die woude en die veengebied [uniek in Europa in terme van die flora] die enigste stuk ongerepte natuur van België, wat op so ’n beskrywing kan aanspraak maak, uitmaak. Die water wat van die hoër vlaktes na die dale stroom, is suiwer net ligweg deur suurreën besoedel, sodat die chemiese samestelling daarvan slegs effens gewysig word. Daar leef dus nie meer riviergarnale in soos vroeër nie, prakties alle doublom en nog ’n paar plantsoorte het definitief verdwyn; hier en daar tref mens op die water ’n eienaardige roomkleurige skuim aan, wat ’n mens miskien die beste kan vergelyk met die opgeklitste melk in ’n cappuccino. Maar op toeristiese gebied is die Hoge Veen ’n regte paradys: die bosse is, volgens Belgiese maatstawwe, uitgestrek, daar is nog gevaarlike moerasse, in die winter kan ’n mens daar gaan ski-loop, en dwarsdeur die jaar, veral as dit mistig word, kan jy sonder probleme verdwaal. Die gewone stapper volg die aangelegde paaie; die sogenaamde avonturiers, wat bereid is om ure lank deur die modder te ploeter, gebruik nog steeds kaart en kompas. Kampeer, vuurmaak, blomme-pluk is verbode, net soos om na sonsondergang te wandel of die paaie te verlaat. Honde is streng verbode. Elke soveel kilometers is daar rusplekke met houtbankies en tafels, plus ’n vullishouer. Getrou aan hulle aard gooi die meeste Belge egter by gebrek aan opvoeding hulle afval soos varke rond, sodat die natuurgebied teen die einde van die somer hier en daar soos ’n mishoop lyk.

Beheer word uitgeoefen deur staatsboswagters, Försters genoem, nie alte vriendelike ouens nie wat, gewapen met 'n verkyker, uit hulle hoë torings die veen dophou en radioverbinding het met 'n beheerpunt in Ternell. Af en toe deurkruis hulle die gebied met 'n jeep, wat voorsien is van 'n sleepwaentjie vol hooi en suikerbeet vir die klompie wild, veral tak- en reebokke. Bosvarke is daar om een of ander onverklaarbare rede vir jare reeds feitlik nie meer nie. En wat die vosse betref: Die massale uitroeiingsveldtog met gifgas teen hondsdolheid 'n paar dekades gelede, 'n maatreël wat natuurlik alle beginsels van 'n rasonele natuurbeleid uittart, het hier, soos elders in België, ryp vrugte afgewerp. Daar is byna geen vosse oor nie, net so min soos hondsdolheid, maar laasgenoemde was daar destyds ook nie eintlik nie.

Woensdag 25 September 1985 was 'n besonder geskikte dag om 'n wandeling op die veen te maak. Die son skitter in 'n asuurblou hemel en daar waai 'n sagte oostewind. Die temperatuur was twintig grade.

By die 12 kilometer-paal op die Eupen-Mützenich-snelweg, wat deur die noordelike deel van die natuurgebied van wes na oos sny, is daar 'n stilhouplek in die woud aangelê. Op die personeelkaart word dit, ietwat vreemd, aangedui as *M For Alt Hattlich*. Daardie middag om halftwaalf staan daar 'n groep mense met mekaar en praat. Hulle het daarheen gery met vyf motors, een jeep, een rooi paneelwa van die brandweer en twee kombi's van die federale polisie. Die geleentheid was 'n "uitstappie" deur die Antwerpse polisieondersoekburo gereël, wat in die lig van die besondere omstandighede groter was as gewoonlik. Teenwoordig: staatsprokureur Leboucq, ondersoeksregter Santens met sy sekretaris [in 'n deftige pak klere en skoene], kommissaris Vincke [elegant gemaklik met rubberstewels en 'n pragtige Dobermann aan 'n ketting], speurderadjutant Verstuyft [in kakie leëruniform met die gepaste stewels, 'n swaar aktetas in die hand], Mon Goethals [belas met 'n sak uit materiaal, ouderwetse oorskoene om sy skoene te beskerm], dokter Abbeloos [in 'n blou waterdigte jas, waarby hy rubberstewels met vastrapsole dra], 'n groep lede van die federale polisie gewapen met submasjiengewere, van wie een met handboeie vasgemaak was aan 'n blonde, stewige-geboude kleinerige man in bruin, wat duidelik die oop lug geniet, vier brandweermanne, van wie twee 'n graaf en 'n pik dra en die ander twee 'n poliëster-doodskis, en wat plat Antwerps met mekaar praat. Die ander praat Frans. Uit die Verviers-jurisdiksie was die volgende daar: 'n deftige gryse heer, die plaasvervanger vir die staatsprokureur Huppert, in 'n dik groen woljas met rubberstewels, polisie-kommissaris Lehnen, in uniform, 'n bruingebrande veldwagter in 'n olyfgroen uniform en Tiroolse hoedjie, en wat die Dobermann agterdogtig bekyk, en drie Waalse polisiemanne wat vir spek en boontjies daar rondstaan.

As die geboeide man 'n teken gee, vat hulle 'n paadjie wat in 'n suidwestelike rigting deur 'n dennebos met dik, kersregop bome loop. Die geboeide man geniet nie net die lekker weer nie, maar hy is ook terdeë daarvan bewus dat die welslae van die storie afhang van sy welwillende samewerking. Nadat hulle 'n paar honderd meter geloop het, lê daar 'n omgewaaide denneboom skuins oor die paadjie. Die geboeide man kruip lenig soos 'n kat tussen die takke, as gevolg waarvan die polisieman, wat hom natuurlik moes volg, sy uniform se broek vuil smeer aan die bemoste stam. Hy lyk kwaad, maar hou homself in. Van onder 'n rotsblok bring die man 'n topografiese kaart, toegedraai in plastiek, te voorskyn, vou dit oop en bestudeer dit, kyk om hom rond en knik. Hulle loop verder en na ongeveer vyfhonderd meter begin daar links van die pad 'n stuk veen, omring deur bos. Die man stryk vasberade deur die hoë gras verder na 'n groep jong berkebome, besig om hulle blare te verloor, kyk rond en wys na 'n reghoekige plek omgewoelde grond. Twee brandweermanne begin grawe. Die grond was swart, mals en klam. Hulle vorder vinnig en na ongeveer tien minute se grawe kom hulle uit die gat, trek swaar rubberhandskoene aan en trek met

moeite 'n liggaam uit die gat. Daar word foto's geneem. Die Dobermann blaf 'n paar keer en lig sy been teen 'n boom. Almal kom rondom die liggaam staan. Dokter Abbeloos, nou uitgedos in 'n plastiekvoorskoot, kniel by die liggaam wat reeds in 'n gevorderde staat van ontbinding is, maak 'n uitwendige ondersoek en gee 'n teken aan die brandweermanne, wat dit versigtig in 'n plastiese omhulsel met 'n ritssluiters verpak en in die poliëster doods-kis plaas. Die hele tyd het die geboeide man weggekyk. Nadat die gat toegegooi was, gee hy 'n teken dat hulle verder in 'n suidwestelike rigting moes loop. Hy lyk baie minder opgewek. Hy loop met 'n geboë hoof en toe hulle 'n paar honderd meter verder by 'n eensame ou beukeboom aankom, gee hy weer 'n teken en wys na 'n plek. Die twee brandweermanne begin opnuut grawe.

VERKLARENDE AANTEKENINGE

België het in 1830 tot stand gekom en word sedert 1962 gekenmerk deur 'n formele geografiese taalverdeling tussen die Nederlandssprekende [na die taal word algemeen as Vlaams verwys] noorde en die Franssprekende suide. Die nasionale hoofstad, Brussel, val binne die Vlaamse gedeelte, maar is amptelik tweetalig. Daar is ook 'n derde gedeelte van België, in die ooste, waar Duits as amptelike taal erken en algemeen gepraat word. Na die noorde word oorkoepelend as Vlaanderen verwys en die suide as Wallonië. Spanning tussen die twee taalgemeenskappe is nie ongewoon nie. Antwerpen is die grootste en belangrikste Nederlandstalige stad in Vlaandere en is die sentrum waar Geeraerts se speurderpaar, Verstuyft en Vincke, se hoofkwartier is.

p 321 CCC is die afkorting wat gebruik is vir 'n verlinkse versetsgroep wat in 1984 en 1985 verskeie terreuraanslae in België uitgevoer het. Die afkorting staan vir *Cellules Communistes Combattantes*, die Frans vir Strydende Kommunistiese groepe of selle.

p 326 Die Diana-eenheid van die Belgiese polisie is in Januarie 1973 opgerig ná die gyselingsdrama in September 1972 by die Olimpiese Spele in München. Hierdie eenheid word opgelei om spesifiek terreuraanslae te hanteer. Dit word later herdoop na die Spesiaal Interventie Eskadron. Bewerings rondom die betrokkenheid van sekere lede by ander misdadige aktiwiteite word nog steeds gemaak en ondersoek.